

# SUNStudent

## SUNStudent BEHOU GOEIE MOMENTUM EN BEREI VOOR VIR FASE 1 OPLEIDINGSESSIES

Ons kom stadig maar seker weer tot verhaal met die nuwe manier van werk in 'n virtuele wêreld. Ons hoor mense vra die volgende vrae.... Wat gebeur op die SUNStudent projek? Ek wonder of COVID 19 die projek se vordering en die Bloudruk-aftekenproses beïnvloed het? Hoe gaan dit met ons spanne te midde van die feit dat COVID 19 vir meer werk gesorg het, addisioneel tot die reeds vol dae van ons projek se kernspanlede? En hoe gaan opleiding gebeur?

Oor die laaste paar maande moes elkeen fokus om aan te pas by die nuwe manier van werk, nuwe manier van vergaderings hou, nuwe manier van interaksie met kollegas om steeds te verseker dat daar by die sperdatums vir die afteken van die Bloudrukdokumente gehou word. Die SUNStudent projekspan en sleutelbelanghebbendes het buitengewoon hard gewerk om die momentum op die projek te behou, ten spyte van die addisionele werkslading as gevolg van die COVID 19-pandemie, bo en behalwe hul normale aktiwiteite wat ook moes voortgaan. Hulle het egter uitstekende werk gelewer teen alle projekvereistes en steeds die streng spertye gehaal soos beplan.

Die onderskeie persone wat gedurende die tyd betokke was by die verskillende projekFases verdien om geprys te word vir hulle prestasies. Al die Bloudrukdokumente vir die Fase 1 besigheidsareas se implementering is 100% gelewer, Fase 2 se besigheidsareas is 90% voltooi en Fase 3 se besigheidsareas sal einde Augustus 2020 voltooi wees.

Ons volgende, opwindende stappe op die projek sluit die skedulering en voorbereiding van die opleidingsessies vir die Fase 1 besigheidsareas in, wat eersdaags afskop en sal voortduur tot in September 2020. Hierdie sessies sluit die "Conference Room Pilot"(CRP) asook die opleidingsessies met die gebruikers van die Fase 1 besigheidsareas in. Die gebruikers sal by die CRP kan sien hoe die abstrakte Bloudrukdokumente (waar spesifieke vereistes gedokumenteer is) "lewendig" word in die nuwe SUNStudent-sisteem. Die langverwagte transformasie van die "swart skerm" na die nuwe wêreld van SUNStudent is hier!

# SUNStudent

```

20200728 Maintenance - Incomplete applications 19:28:30

Application year : 2021

Create new incomplete application : █
Send application to department : _
Update/Enquiry of return date : _

Enter-PF1---PF2---PF3---PF4---PF5---PF6---PF7---PF8---PF9---PF10--PF11--PF12---
Help      Menu                                     Term
Mark choice with 'X' and press ENTER
  
```



Ons aanvanklike idee was om die CRP sessies weer by Stias te hou in ware rolprent-styl met springmielies en al, soos ons dit in die begin van die projek gedoen het, maar ongelukkig het COVID 19 dit verhoed. Ons gaan dus nou voort met AFSTAND/VIRTUELE opleiding. Die opleiding sal via die Teams-platform gedoen word met Zoom as 'n ondersteuningsplatform soos nodig. Die goeie nuus is dat ons diensverskaffers, Serosoft en Eiffel Corp baie ondervinding in afstandsonderwys het.

Neem asb. tyd om ons webtuiste te besoek vir projekopdaterings oor die bogenoemde opleidingsessies en die skedulering daarvan, asook die relevante terminologieë en algemene vrae wat gevra word (FAQ's): <http://www.sun.ac.za/afrikaans/SUNStudent/Pages/default.aspx>

Jy is welkom om van ons projek-e-pos gebruik te maak indien jy enige terugvoer wil gee of vrae wil rig aan die projekspan: [sunstudent@sun.ac.za](mailto:sunstudent@sun.ac.za)

Dit sal wonderlik wees om van jou te hoor. Bly gesond, veilig en pas jouself en jou geliefdes mooi op!